Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com
Jaargang 4

ONS GEMEENTE SE 30 DAE RAMADAN GEBEDSFOKUS vir 2010

RAMADAN

begin om en by op Woensdag 11 Augustus tot 9 September 2010.
OPROEP aan alle Christene om vir die 1.57 biljoen Moslembevolking wêreldwyd te bid vir bekering to Jesus Christus.
ONS GEMEENTE SE 30 DAE RAMADAN GEBEDSFOKUS vir 2010 geskied hierdie jaar aan die hand van Andrew Murray se boek: ***Met Christus in die Skool van Gebed***. Dit sal ook in Engels beskikbaar wees. In die voorwoord tot hiedrie boekie skrywe Andrew Murray as volg:

Duisende gelowiges het gedurende die afgelope jare 'n onuitspreeklike seën ondervind deur te leer hoe volkome Christus ons lewe is, en hoedat Hy onderneem om alles te wees en alles in ons te doen wat ons nodig het. Ek weet nie of ons al geleer het om hierdie waarheid op ons gebedslewe toe te pas nie. Baie kla dat hulle nie die krag het om die geloofsgebed te bid, om die gebed te bid wat groot krag het nie. Die boodskap wat ek verlang om te bring is dat die dierbare Jesus wagtend en verlangend is om dit aan hulle te leer. ***Christus is ons lewe***: in die hemel leef Hy om altyd in te tree; *Sy lewe in ons is 'n lewe van voortdurende gebed*, as ons Hom maar net hieroor wil vertrou. ***Christus leer ons bid nie net deur, voorbeeld, deur onderrig, deur bevel, deur beloftes nie, maar deur Homself aan ons te toon, die Een wat altyd leef om vir ons in te tree, as ons Lewe.*** Dit is wanneer ons dit glo en in Hom ook gaan bly vir ons gebedslewe dat ons vrees dat ons nie reg sal kan bid nie, verdwyn, en dat ons die Here met blydskap en oorwinning sal vertrou om ons te leer bid, om self die lewe en krag van ons gebed te wees.

Mag God ons oë oopmaak om in te sien wat die heilige bediening van voorbidding is waartoe ons, as sy Heilige Priesterdom, afgesonder is. Mag Hy ons hart verruim en versterk om te glo watter magtige invloed ons gebede kan uitoefen. En mag alle vrees, wat, ons mag oorval dat ons nie ons roeping kan vervul nie, verdwyn namate ons Jesus sien, wat altyd leef om te bid en wat virons gebedslewe borg staan.

Andrew Murray 28 Oktober 1885

GEBEDSRIGLYNE VIR RAMADAN
Gedurende die 31 DAE RAMADAN GEBEDSFOKUS en in aansluiting by die boekie van Andrew Murray, sal daar ook 'n 30-dae gebedsboekie voorsien word wat riglyne bevat, waaroor ons vir Moslems bid tydens hulle maand van vas. Tydens ons weeklikse bidure, ons selgroepe asook in ons 24 Uur Gebedsfokus sal ons hierdie gebedsboekie gebruik om vir die bekering van Moslems te bid. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om te bid vir mense wat die Here nie ken nie.

Jeug Vorderingsverslag

Jeugbeleid

Geen jeugbediening kan werklik effektief funksioneer as 'n werkbare en praktiese beleid van hoe en hoekom ons die jeug met die Woord bedien, nie duidelik uitgespel is nie. Ons eerste sodanige jeugbeleid sal D.V. volgende Vrydag beskikbaar gemaak word vir gemeente terugvoer. Sodra die terugvoer deurgewerk en bygewerk is, sal die finale dokument op ons webblad gepubliseer word.

Leermateriaal

Programme uit verskeie oorde is in diepte ondersoek en ons is tans besig om die kurrikulum saam te stel. Die kurrikulum is gebaseer op drie hoofelemente:



Ouerbegeleiding

Die verstaan van die ontwikkelende kind se geloofsfases is baie belangrik in ouerbegeleiding. 'n Kort kriptiese kaart word tans saamgestel wat aan ouers riglyne bied oor hoe kinders se geestelike behoeftes verander met tyd en wat hulle wanneer kan verwag.

Databasis

Niks gebeur sonder 'n behoorlike databasis om te bepaal wie ons kinders is, waar hulle bly, hoe ons hulle kan kontak, wanneer hulle verjaar en hoe ons met hulle kan kommunikeer tussen Vrydag en Donderdag nie (bv. SMS, epos, blog ens.)! Die databasis word tans verder ontwikkel en sal gereed wees met die aanvang van die nuwe kategesejaar in September 2010.

Jeugleiers

Verskeie, en baie entoesiastiese gemeentelede het aangemeld om op 'n rotasiebasis in te spring en hulle gawes en talente beskikbaar te stel om ons kinders te bedien. Gordel vas, hier kom 'n ding! Die rooster is bykans klaar en sal beskikbaar gestel word sodra die onderskeie gemeentes kans gehad het om daarna te loer.

Meer gedetaileerde en finale inligting sal in Augustus deur die jeugleiers aan die gemeente beskikbaar gestel word. Dit sal insluit alle inligting oor die jeugkampe, kategese, jeugleiers, die baie belangrike nuwe program, visuele leermateriaal, bronnelys vir die wat meer wil weet, hoe ons beoog om ouers te ondersteun in hulle kinders se geestelike grootword, en vele meer!

Groete in Christus - Lien Els

'n Mannekonferensie word beplan vir die laaste week in Oktober of die eerste week in November 2010. Ons beplan dit rondom die Vrydag middag en die Saterdag. Die reëlings vir die beplanning is aan die gang en ons vra die gemeente